Te perd langs die **Olifantskus**

deur **Izak Hofmeyr**

Die groep was sowat 30 sterk, met drie ondersteuningsvoertuie. Die vierdagroete strek langs Maputaland se Olifantskus, van Kosibaai, tussen die mere deur tot by Sodwana, waar Philip en Lallie Hattingh se hoofkwartier van hulle Exodus Toere is. Hoewel Philip-hulle die toer kommersieel aanbied, was hierdie geleentheid 'n "private" een tussen die Hattings en die Doyers van Belfast.

Die eerste oggend moes al die perde van Sodwana na Kosibaai vervoer word, met die gevolg dat die rit redelik laat eers aan die gang gekom het. Die eerste skof van 25 km het egter opgemaak en was een van die heel mooistes op die hele roete. Eers hektaar op hektaar raffiapalms, toe 'n geelhoutwoud en dan die pont oor die Sieatla-rivier.

Mens en saaltuig is droogvoets op die pont oor, maar die perde moes deurswem. Vir die Doyers was hierdie natuurlik te veel van 'n uitdaging en hulle is swem-swem saam met die perde deur.

Die eerste aand oornag ons in die Sizakala Lodge by Banganek, 'n kamp wat George en Bettie Zikala besit en bestuur word.

Die volgende dag se trek is weer 25 km lank en neem ons plek-plek na ongelooflike uitsigte oor die see. Ons ry deur letterlik honderde hektare Ferox-broodbome tot by Mqabela-kamp, 'n kamp wat eintlik op vissermanne ingestel is. Die kamp behoort aan Albert du Plessis en is sowat vier kilometer wes van die bekende Black Rock.

Dag drie neem ons oor 35 km deur pragtige duinebosveld en ons span vir middagete uit by Lalanek, waar ons met die gedruis van die see in die agtergrond afsaal en die perde (en 'n paar moeë ruiters) 'n uurtjie se blaaskans gee. Mabibi is ons oornagpunt en vir die eerste keer op die rit slaap ons nie in hutte nie, maar onder die sterrehemel.

Dag vier, die laaste dag, neem ons oor 35 km al langs die Sibayameer todat die roete vir die eerste keer by Sodwana se bekende Nege Myl op die strand uitloop. Vir baie van die perde is dit die eerste keer dat hulle van aangesig tot aangesig met die see kom en hulle reaksie is baie komies. Die harde sand net langs die water bied 'n lekker ferm oppervlakte en ons perde eet die myle op tot by Sodwana, waar ons mekaar met die nodige *high fives* gelukwens met 'n onvergeetlike ervaring.

Vir nadere inligting, skakel Philip en Lallie Hatting by 083 349 8575. **SAH**

By Nege Myl kom ons vir die eerste keer op die strand uit

Die rit het ons deur digte woude geneem ...

... en oor diep riviere

Sommige het die rivier met hulle perde deurgeswem

Pret in die Sibayameer